


DIE SMELTKROES,

'N POLITIEKE VLUGSKRIF

DEUR

JOHANNA BRANDT,

Stigster en Ere-Presidente van die Vrouwe Nasionale Party.



**Gewij aan die
Regvaardige Minderheid in alle lande, tale en geslagte.**

ALLE REGTE VOORBEHOU.

**Prijs 1/- per eksemplaar Posvrij.
9/- per Doeljn.**

Gedruk deur De Nasionale Pers, Beperkt. — Bus 267, — Bjoemfontein.

DIE SMELTKROES,

'N POLITIEKE VLUGSKRIF

DEUR

JOHANNA BRANDT,

Stigster en Ere-Presidente van die Vrouwe Nasionale Party.



ALLE REGTE VOORBEHOU.

Gedruk deur De Nasionale Pers, Beperkt. — Ems 267, — Bloemfontein.

GEWIJ AAN
DIE REGVAARDIGE MINDERHEID
IN ALLE LANDE, TALE EN GESLAGTE.

DIE TIJDPERK VAN VERDEELDHEID.

En Jezus zeide:—"Van nu aan zullen er vijf in één huis verdeeld zijn, drie tegen twee, en twee tegen drie.

De vader zal tegen den zoon verdeeld zijn, en de zoon tegen den vader; de moeder tegen de dochter, en de dochter tegen de moeder; de schoon-moeder tegen hare schoon-dochter, en de schoon-dochter tegen hare schoon-moeder."—
Lukas 12, vs. 52 en 53.

In die wereld-smeltkroes waarin ons tans verkeer, en op die vóóraand van een politieke omwenteling in ons eige land, wil ons trag een seer beknopte oorsig te geef van feite in verband met die laaste gebeurtenisse, die misskien nie so wel bekend is onder ons volk in ver afgelege streke. Vir die stads-bewoners, die dageliks die voorreg het om die kabel berigte te volg en die koerante te lees, is dit nie so nodig nie, maar daar bereik ons soveel vrage van die buite distrikte, dat ons dit wenselik geagt het, onse korrespondente tegemoet te kom met die publikasie van een politieke vlugskrif waarin ons die vele vrage hoop te beantwoord.

Bij die oordenking van alles wat vir ons duister en onverklaarbaar is, tref die *algemene verdeeldheid* ons in die eerste plaats.

Letterlik, en in een meer verskrikkelike mate dan die mens dit sig kon indenk, is die tydperk van verdeeldheid, door Jesus Christus bijna twee duisend jaar gelede voorspeld, vervuld. Ons siet dit onder volke, in kerke, regeringe, organisasies en huisgesinne,—die gees van tweedrag onder eige vlees en bloed. Oppervlakkig beskouwd, is dit die wapen van die Satan self, en waar ons dit vind, kan ons seker wees dat dit die sluipende verteenwoordigers van die rijk van duisternis is, die aan die werk is. Verdeeldheid, tweedrag, ontrouw, verraad,—die woorde het min of meer dieselfde betekenis.

Vir iemand die als onpartijdige buite een kwesie staat, is dit somtijds moeilik om te beslis welke van die twee verdeelde partije, reg het aan hulle kant, maar die ervaring leer ons dat dit bijna sonder uitsondering *die minderheid* is die vir geregtigheid staat, d.w.s. die minderheid in mag, in geld, posisie, invloed, eer of gesag; nie altyd die minderheid *in getalle nie*. Dit is die onaansienlike, eenvoudige *volks-massas*, met hier en daar een verligte siel om die voortouw te neem, die gewoonlik staat vir regvaardigheid en die alle wereldse voordele prijs geef vir ideale. Vandaar kom miskien dan ook die bekende spreekwoord, "die stem van die volk is die stem van God."

Die onaansienlike minderheid dus is die verteenwoordigers van die rijk van Lig, en hulle weg is met doorns besaaid, hulle deel is die veragting en vervolging van die wereld, terwyl voorspoed en verering weggelegd is vir die mag-hebbende meerderheid, *die regeerders* van die volk. Te dikwyls sien ons dat hulle die verdrukkers in plaats van die beskermers van hulle volk is, en als ons dit goed beskou, is dit die hele oorsaak van die segeviering van die onregvaardigheid,—die feit dat die mag in die verkeerde hande is.

Die vraag is nou, verdruk hulle die volk omdat hulle regeer, of regeer hulle omdat die volk verdruk moet word? Kom die dinge bij toeyal so uit, is dit altyd so gewees en sal dit altyd so blyf?

Sover ons kan nagaan, is dit altyd so gewees, en die lewe en sterwe van die „Verlosser”, in plaats van die toestand te verbeter, het ons lot duisendmaal vererger. Wat moet ons daarvan denk? Ons hoef nie eens honderd jaar terug te gaan om dit te bevestig nie.

Denk maar aan die gewetenlose inval van twee vreedsame Republieke twintig jaar gelede, en die ongelooflike oorwinning van die geweldenaars! Ofskoon ons dit toe nie ten volle kon besef nie, was verdeeldheid in ons eige range grotendeels oorsaak van ons ondergang,—een verdeeldheid die op gewetenlose en afskuwelike wyse werd aangekweekt door die listige vijand.

Denk aan die mislukte Rebelle van 1914! Staan die woord "Rebelle" nie vir Verdeeldheid nie? Was dit nie die opstand van die verdrukte, onaansienlike minderheid teen die krenkende onreg van die mag-hebbende meerderheid? Laat ons selfs verder gaan,—was die Rebelle nie door die regeerders

aangevoerd en opgesweept om die minderheid ten enemale te vernietig nie? Was daar ooit groter onreg, meer verpletterende teleurstelling dan die einde van daardie opgesweepte Rebelle? Was daar ooit een heiliger, een meer regvaardige saak dan die van die opstandelinge die gerebeleer het teen die misdadige inval van die kolonies van een goed-gesinde rijk? En tog moes die saak skipbreuk lij, tog moes die voorstanders van vrijheid en geregtigheid die drinkbeker van vernedering tot die bodem toe ledig!

Maar wat is dit alles vergeleke bij die latere ontwikkelinge, toe die Europese slag-velde gedrenkt werd met die bloed van *Afrikaners*, om *Engeland* te ondersteun? Wat van die verpletterende einde van daardie konflikt?

Menselikerwijse gesproke, is Suid Afrika nou vir ons verlore.

Die verbond tusse die skatrijke Amerika en die magtige Britse Koninkrijk vorm een onoorwinnelike alliansie, die vir die volgende honderd jaar sekuur en veilig die wereld sal oorheers. Mag en onreg, geweld en hebsug het weer die oorwinning behaal. Ons het nog nooit in onse tijd gesien dat die Reg tot sijn reg gekom het nie, en nou, met die segeviering van die Bondgenote, is onse laaste hoop op bevrijding verijdeld. Ons vertrouwe dat ons bestaan als onafhankelike volk, onder een eige volks-vlag, eindelijk versekerd sal wees, is vir altijd geskokt.

Houthakkers en waterdragters sal ons nou word. Verarmd en veragt sal onse kinders wees; als vreemdelinge in hulle eige land, sal hulle die oorheersers dien.

Ons het onse hoop op vrijheid gevestig op die militaire mag van Wilhelm, Keiser van Duitsland, en met hem, is ons beskaamd en verpletterd geword.

Menselikerwijse gesproke is ons, met hem, vir altijd verlore.

Die Vrijheids-vonk wat sluimer in die hart van elke mens, het in ons ontvlam bij die hoop op redding die sou kom door die Europese oorlog, maar is weer uitgeblust door die geweldadige oorwinning van die vijand, rijk aan goud, rijk aan menselewens en rijk aan listigheid.

Ja, ons is als volk verlore. Ons heerlik skoon land sal ons hoe langer hoe meer sien vervreemd van ons geslag, onder des vijands heerskappij; want die indringer is sterk, een volk van skijn en bedrog, en.....

ONS IS EEN VERDEELDE VOLK.

Daar sit die diepste kwaad, die gedagte die ons die meeste vrees aanjaag,—die gevaarlikste vijand en verdrukker is in die hartjie van onse vesting, die vervolger is been van ons been, vlees van ons vlees.

Nie alleen is ons verdeeld op politiek gebied, maar in die wereld van godsdiens heers dieselfde gees van haat, tweedrag en onverdraagsaamheid. Die één kerk vervolg die ander en al die kerke vervolg die sektes, die ontstaan het juis door die wanbegrippe, die doodsheid en die jammerlike gebrek aan ware geestelikheid in die kerke van onse tijd. Predikante vervolg hulle gemeente-lede en kerkerads-lede vervolg mekaar, sodat op 't laatst daar geen enkele godsdienstige ligaam meer in vrede leef nie.

Als volk gaat ons hoe langer hoe meer agteruit. Die grofste onsedelikheid heers onder ons jong geslag, en op hierdie gebied is die sogenaamde *Verdedigings-mag* die grootste vloek wat ons nog gehad het. Wie is verantwoordelik daarvoor? Is dit nie alles na-aperij van die sedes en gewoontes van die Rijk waarvan ons so onwillig een deel uit maak?

Wat van die dringende stoffelike node van onse tijd? Waarom is ons so verarmd? Hoekom het die Unie soveel skuld? Waarom word ons so swaar belast? Wat van die dreigende hongersnood? Die verhoogde pryse? Die skaarste van die gewone lewensmiddele, in een land vloeiende van melk en honing? Hoe kom dit, dat juis wanneer ons swaar geteisterd word door droogte, daar hele skeeps-ladinge met voedsel uit die land vervoer word? Is die Regering blind? Is die Regering moedwillig? En is die volk te bang of te magteloos om daar een einde aan te maak? Sie hier, een paar van die vrage die ons van alle kante bereik.

EUROPA,

LAND VAN DIE VERLEDE.

GIJ ZULT NIET DOODSLAAN.

Ten einde een beter begrip te krijg van onse landsomstandighede, sal dit goed wees om sekere feite uit die geskiedenis van ander lande te vergelyk met die van Suid Afrika.

En die eerste ding wat ons opval bij onse ondersoekinge is dat daar een sekere maatstaf van geregtigheid vir alle volke is, waarnaar hulle vroeg of laat geoordeel word. Die maatstaf is die wijze waarop hulle te werk gaan om eige belange te bevorder, die middele die gebruik word om groot en sterk te word.

Wanneer ons dan tot die ontdekking kom dat daar nog nooit in die geskiedenis van die wereld een volk gewees het, die sonder geweld en die verdrukking en uitmergeling van die kleinere nasies, tot een magtige koninkrijk geword het nie, dan verstaan ons dadelik waarom die één koninkrijk na die ander verval het. Een blijwende grootheid het ons onder nasies nog nie gesien nie, omdat hulle tot dus ver altijd oorlogmakers gewees het, bloed-vergieters.

Maar wanneer ons nou praat van korrupte Regeringe en onregvaardige reederheid, moet ons altijd één uitsondering maak. En dit is

HOLLAND,

want een ingewijde Gods regeer oor daardie *groot* klein nasie, en sij kan bij geen ander vors vergelyk word nie.

In die komende wereld-oordeel sal dit nie anders wees nie, die volke die skuldig is aan die meeste bloed-vergieting om eige grootheid op te bouw, sal die swaarste lij, of helemal verdwijn.

Op bladsij 109 van mijn boek, "Die Millennium" word daar een beskrywing gegee van die Europese oorlog als een stryd, nie tusse aardse volke nie, maar tusse die magte van Lig en Duisternis. Waar die Lig die oorhand had, sou die minste gelij word; en die lande die in verband hiermee aangeduid werd, was Holland, Duitsland, Switserland en die

Skandinawiese lande, Noorwege, Denemarken en Sweden. In ons eige wereld-deel was dit Suid Afrika, en die het ver bowe al die ander uit gesteeek.

Die rest van Europa was onder die diepste duisternis begrawe, en nou verstaan ons waarom die Bondgenote so lang en so swaar geoordeeld word.

“Ons is nog maar in die begin van die smarte,” het die Boodskapper dese Here geseg, “want met en na hierdie oorlog sal daar wees revolusies, stakinge, burger-oorlog, aardbewinge, pestilensies, hongersnood en storme.”

Dit moet nog alles kom in die afrekening met Europa vir die bloed-vergieting en onreg van die verlede.

Maar die Boodskapper het ook geseg dat geen land, geen volk, geen bondgenoot sou segevier in die Europese strijd, en dit kan ons nie verstaan nie.

Het die Bondgenote dan nie die oorwinning behaal nie?

Die tijd sal ons leer.

Intusse gaat die omverwerping van die ouwe korrupte kondisies, waaronder Europa so lang geswoeg het, nie maklik nie. Die oorlog kon dit nie gedaan krij nie. Oorlog, selfs so'n bloedige, uitputtende oorlog soos Europa gehad het, is nie magtig genoeg om die ouwe stelsel te vernietig nie. Een ander wapen sal gebruik moet word—die verwoestende hand van die anargist, die verterende vuur van die losbandigheid. Nie die goed georganiseerde oorlog nie, maar die onbeteugelde, onkeerbare geweld sal die bedorwe beskawing van Europa omverwerp, en die wereld in een chaos van verwoesting bring.

Dit sal die eerste gevolg wees van die strijd tusse arbeider en kapitalist, verdrukker en verdrukte, die nu reeds aan die gang is in Europa, dat die verdrukte die oorhand krij, en dan kom daar een tijdjie van groter tirannie dan daar ooit gewees het onder die juk van die kapitalist. Met die mag in die hande van die lager, onontwikkelde klasse, kan ons niks anders verwag. Geen mens se lewe sal meer veilig wees nie. Losbandigheid, plunder, ontug en een woeste botviering van die grofste hartstogte, sal Europa in een hel verander; ja, so groot sal die ellende en gevaar wees in die tijd van verdrukking dat geen vlees behoude sal wees, tensij die dage verkort word.

Die Vredes-vieringe van verlede jaar was dus een beetjie voorbarig. Daar is geen vrede nie. Dij ijdele gejuig en getier van die Bondgenote was die vervulling van 1 Thess. 5:3 en

sal gevolgd word door die "haastige verderf" van alle gewel-
denaars. Vrede! terwyl miljoene mense in Europa omkom
door geweld, honger en pestilensie! Vrede! terwyl anargie
langsaam maar seker die oorhand krijg en broeder-bloed in
alle lande vloei!

Dit is gods-lastering om die Heer te dank vir sulc een
oorwinning, en die seen van die God van Barmhartigheid af
te smee op sulc een tirannieke en verraderlike "Vrede."

DIE VREDES TRAKTAAT

IS DIE GROOTSTE OORLOGSVERKLARING

wat in die geskiedenis van die wereld nog bekend gewees het,
en dit sal ons sien in die oorlog van geweld die nou aan die
gang is.

Alle gekroonde hoofde sal ontkroon word, alle vorste sal
onttroon word, alle rijke sal verarmd word, want,—

"Ziet, het loon der werklieden, die uwe lande gemaaid
hebben, *hetwelk van u verkort is*, roept; en het geschrei der-
genen die geoogst hebben, is gekomen tot in de oren van den
Heer Sabaoth."—Jak. 5:4.

En sal die geweld dan ook weer herstel? Kan geweld door
geweld oorwin word? Nooit! Die duisternis kan door geen
duisternis verdrijf word nie en daarom sal daar een nuwe
middel gebruik moet word om te herstel en op te bouw wat
die geweld omver gewerp het.

Die Liefde sal dan intree.

Die Christus sal herstel.

En die uiterlike vorm van die nuwe heerskappij sal ons
sien in *die vereniging van Arbeid met Kapitalisme en in die
vereniging van godsdiens met politiek, soals in die dage van
Moses en die profete.*

ENGELAND.

“Indien iemand in de gevangenis leidt, die gaat zelf in die gevangenis; indien iemand met het zwaard zal doden, die moet zelf met het zwaard gedood worden.”—Openb. 13:10.

En welke van die grote *Christelike* nasies van onse tijd het die meeste bloed vergiet?

Was dit nie Engeland nie?

Door welke middele het sij haar hedendaagse glorie bereik?

Was dit nie door die swaard nie?

Gedurende die 19de eeuw het Engeland *vijf-en-vijftig* verowerings-oorloge gevoer, terwyl Frankrijk *nege-en-veertig* gehad het; Rusland, *drie-entwintig*; Oostenrijk, *veertien*; en Duitsland, *nege*.

In die tijd van Koningin Victoria alléén, was daar nie minder dan *veertig* Engelse oorloge.

Vooraan in bloed-vergieting, dus, kom Engeland.

Met die Bijbel in die één hand en die swaard in die ander, (*geweld gepaard met huigelarij*) is die Britse Koninkrijk opgebouwd tot sijn huidige staat van mag en rijkdom, tot sijn teenswoordige hoogte van wereld-heerskappij.

Dit is nie nodig om hier aan te haal onder welke voorwendsels die Transvaal en Vrijstaat b.v. verowerd is door Engeland. Ons weet dit was volstrek nie terwille van onse goud en diamant velde nie, maar om die beskawing hier te bring, en om ons te “beskerm.” Nie waar?

Maar besef ons die ware betekenis van ver-reikende gevolge van daardie drie-jarige oorlog met Engeland?

Wat Groot Britannie in stoffelike rijkdom gewen het door die anneksasie van onse twee republieke, het sij toe verlies in geestelike mag. Ogenskijnlik het sij haar rijk uitgebrei en verriek, maar in werklikheid was die oorwinning die begin van haar agteruitgang. Haar prestige als wereld-mogendheid was sijn kwijt. Als ons dit goed beskou, was die Europese oorlog een gevolg van die Boere oorlog, en dit sal ons, door die komende ontwikkelinge, nog meer bevestigd sien, wanneer Suid Afrika waarlik die graf word van Groot Britannie.

“Wie des mensen bloed vergiet, sijn bloed sal door die

mens vergote word,”—*door sijn eige mensen!* en ons kan daaraan gerus toevoeg, “wie verdeeldheid saai, sal verdeeldheid maai.” Want Engeland pluk vandaag die bittere vrugte van die verdeeldheid die in haar *eige* land ontstaan het *door die Boere oorlog*, toe dit haar politiek was om te werk op die laagste hartstogte van ons volk en toe sijn Boer omgekoop het om Boer om te bring. Wat met die dreigende moeilikhede in Ierland, in Egypte en in Indië en die ontevredenheid in Suid Afrika; wat met die gevaar van een algemene staking en een bijna onvermijdelike revolusie in Engeland,—daar is nie veel doorsig nodig om een mens te doen besef dat die val van die Britse Koninkrijk op hande is, en dat dit sal geskied door die verdeeldheid van haar eige volk en in haar kolonies. Want die oordeel van een volk word door die volk self uitgevoer.

Terwyl die hele wereld gereinigd word van ongeregtigheid, word van Engeland in 't biesonder rekenskap geëis van haar vele oorloge, van haar uitermatige hebsug, geweld en bedrog.

Die loutëring sal tijd neem.

“Die molen Gods maal langsaam,
Maar dit maal *ontsaglik fijn*,”

en soals Engeland die eerste van alle hedendaagse volke was om die wereld-smeltkroes in te gaan, so sal sijn die laaste wees om daaruit te kom. Die rest van die wereld sal in een staat van bloeiende welvaart wees terwijl die Britse Eilande nog verskeurd en geteisterd word door bloedige revolusie, hongersnood en die afskuwelike pestilensies die ontstaan door die ete van mense-vlees.

Door sommige sieners werd die algemene spoorweg-staking van 1919 voorspeld als die “EERSTE WEE” in Engeland self, en andere profete kondig aan dat die ellende in Engeland steeds sal toeneem tot 1920—1928. Die twee jare word beskryf als die meest ondragelike in die bestaan van die Britse volk. Daarna woed die storme met minder hewigheid tot die jaar 1936, wanneer hulle pas sal bedaar.

Wanneer die eigenlike smarte in Engeland begin, sal selfs haar vijande, en degene die door haar verdrukt is geweest, met huiwering en ontsetting vraag waarom haar oordeel *soveel* swaarder moet wees dan die van enige ander volk.

Mede-Afrikaners, die antwoord hierop leg in die feit dat “haar geweld gepaard ging met huigelarij;” Engeland het meer dan enige ander land gedaan om die Evangelie onder die

heidene te versprei, en om die inwendige sending te bevorder. Door haar geestelike arbeid het sij die Lig versprei, en daardoor getoon dat *sij self in grote mate die Lig ontvang het*; maar door haar voorbeeld van bloed-vergieting het sij meer afbreuk gedaan aan die Koninkrijk der Hemele dan enige andere Christelike nasie.

DUITSLAND.

MEER DAN OORWINNAAR.

Terwijl die Bondgenote, Engeland, Frankrijk en Rusland, besig was, hulle rijke op te bou met die vlees, bloed en gebeente van hulle mede-mens, was daar in Duitsland een grote beweging voorwaarts op gebied van kuns en wetenskap, handel en nijverheid. Ons het gesien dat sij nie helemaal vrij was van bloed-vergieting nie, maar terwijl sij maar nege oorloge gehad had in honderd jaar tijds, had die drie Bondgenote nie minder dan honderd-sewe-en-twintig tesame.

Duitsland het dus voldoende bewijs gegee dat daar geen geweld nodig is om als volk vooruit te kom. Wereld-beroemd was haar produkte, so selfs dat die mense naderhand net Duitse goed wou heh, en dit het die afgunstige vrees van die ander nasies verwek, viral van die Engelse. Hulle sag in die degelikheid van die Duitsers nie een deugd om ijwerig na te streef, maar een dreigende gevaar vir hulle eige grootheid. Engeland kon haar eige produkte nie meer so maklik van die hand set nie, niefeenstaande die feit dat haar fabrieke hulle goed begin te merk het,

MADE IN GERMANY (in Duitsland gemaakt).

Die bedrog het spoedig uit gekom en was die spot van iedereen, waardoor die haat en jalousie van die Bondgenote nie verminder het nie. Omringd als sij was door sterke vijande en ten volle bewus van haar gevaar, was Duitsland toe verplig om op grote skaal te wapen en te mobiliseer. Vandaar die militaire

mag van Duitsland, wat vir bijna vijf jaar die res van die wereld in ademlose spanning en onwillige bewondering gehou het.

Een regvaardige oorlog, een heilige saak van selfverdediging, een strijd vir nasionale self-behoud,—Duitsland het geveg vir een doel ewe heilig als die wat ons volk in staat gestel het, eenragtige vijand weerstand te bied. En ewenals die Afrikaanse volk, dog in veel groter mate, is sijn gebruikt om die wereld te kastij, en met dieselfde verpletterende gevolge.

Om te verstaan waarom die Europese oorlog so ge-eindig het, moet ons ewe terug gaan naar die houding wat Duitsland aangeneem het in ons eige strijd vir self-behoud in 1899—1902. Dit was daar presies soals in alle andere lande,—die volk was op onse hand en wou ons help, terwyl die Regering, uit self-sugtige beweegredene, een neutrale houding aangeneem het. Dit het dieselfde ontevredenheid en bittere verdeeldheid tot stand gebreng in Duitsland als in andere lande,—een verdeeldheid die tot die punt van revolusie gestijg het toe die Keiser openlik vijandig teen President Kruger op getree het,—en dit het die fondament geleg van die tweedrag waardoor die Keiserrijk in 1918 tot sijn onverwagte val gekom het.

In Suid Afrika was daar bijna niemand die geweet het waarom die Duitse troepe, na hulle lange strijd gekroond met soveel gloriejke oorwinninge, van hulle lijne terug getrek het. Die Jingo Pers het sorgvuldig die ware toestand bedek en gedaan alsof die terugtog van die Duitse leger een gevolg was van uitputting en verslagenheid. Maar later moes die waarheid tog bekend word en ons weet nou dat dit die revolusionaire element in Duitsland self was,—die Bolshivist, anar-gist, socialist en arbeider,—die een einde gemaak het aan die bloedvergieting door die toevoer van kanonne, wapens, ammunisie en voedsel naar die Duitse lijne, met geweld te verhinder. Vertrouwende op die veertien punte van President Wilson, dat daar absolute reg sou geskied, het die Duitsers self die voortsetting van die oorlog onmoontlik gemaak door die legers te dwing om terug te val.

Daar was nog geen sprake van uitputting, Duitsland was nog nie verslaan nie. Wel was sijn swaar geteisterd, maar sijn had nog nie die toestand van wanhoop bereikt waarin die Bondgenote sijn bevond net voor die Wapenstilstand.

Die einde is ons allemaal bekend.

Die skaamtelose verkragting van President Wilson's veer-

tien punte en die Honger-Blokkade, waardoor bijna een miljoen manne, vrouwe en kinders om gekom het in Duitsland, na die Wapenstilstand en terwyl die vredes-onderhandelinge aan die gang was, het die oge van die Duitse volk te laat geopen. Hulle was "verlore,"—vrijwillig en ter goeder trouw in die hande van een vijand die van geen meedoge weet; en dieselfde persone in Duitsland die verantwoordelik was vir die vrede, had die bitterste berouw dat hulle nie liewer tot die dood toe die oorlog voort geset het nie. Dit was te vroeg vir die Volkere Bond, te vroeg vir "algemene broederskap,"—en die kranksinnige gestigte van Duitsland sit vandaag vol van mense die hulle verstand verloor het onder die skok van wanhoop en verslagenheid.

Bowe alle woorde tragies en angs-wekkend is haar lot, als ons die hele waarheid wist. Dit help nie om die toestand te verbloem nie. *Duitsland is vandaag bankrot.*

Haar babies sterf die honger-dood als hulle die wereld inkom, want die uitgemergelde moeders het nie melk nie en al die koeie in die land is door die Bondgenote gekonfiskeerd. Die kinders op die skool-banke is vel en been,—geraamtekies,—en als die verontwaardigde besoeker vraag, "Maar waarom is hulle hier? Hoe kom dit dat sulke kinders nie tuis warm in die bed gehou word?" dan is die antwoord, "O, hierdie kinders kan nog loop. Die ander is bij die huis of in die hospitale."

SEGEVIERING VAN DIE LIG.

Maar Duitsland het die oorlog nie verloor nie!

Sij is door die Bondgenote verraaï.

Sij is verraaï, maar dit is nie al nie, sij het iets groots tot stand gebreng met een revolusie die betrekkelik vrij was van bloed en geweld. Die omver werping van die Duitse Keiserrijk was onvermijdelik, want "alle vorste moet onttroon word," en wat in ander lande jare van omwenteling en riviere bloed sal kos, is in Duitsland geskied op een ordentelike wijze en bijna sonder nuwe skeuring onder die volk te breng. Duitsland het gelij en sij lij nog vir haar ongeregtighede van die verlede, maar haar yrede-makers het goed gehandel, al het hulle ogenskijnlik die onderspit gedelf, en die regvaardige minderheid het vir die eerste keer *in onse tijd*, die oorhand gekrij.

Daar het een verandering gekom.—In die maatskappelijke

sowel als die geestelike lewe, is daar hier en daar een verandering te bespeure. Dit is die Lig wat grond win. Duim vir duim word die terrein beveg, duim vir duim word die duisternis verdrijf. (Sie "Millennium," bladsij 109). Dit is die begin van groter dinge die nog in onse tijd sal geskied. Nie sonder voorbereiding kom sulke veranderinge nie. Voordat die oge van die volks-massas geopend word, stuur die Heer Sijn voorlopers,—profete, apostels, ingewijdes,—om die weg te baan,—en dit is wat nou geskied oor die lengte en breedte van die aarde. Daaraan weet ons dat die "Millennium" op hande is.

Nie onder die Fariseers en Skrifgeleerdes vind ons hulle nie, maar op die mees onverwagte plaotse en onder die mees onwaarskijnlike mense, en wat hulle ons leer, is ook nie die uiterlike vorme van die godsdiens nie, nie die algemene waarhede die jaar in, jaar uit, van die kansels verkondig word nie, maar die diep innerlike betekenis van die eeuwige waarhede Gods. Wat vir ons duister en teenstrydig is, kan hulle verklaar, en hulle leer ons dat die seen van die Heer nie rus op wapens van geweld en oorloge van verowering nie. Hulle leer ons dat dit door die mag van die Vors der duisternis is dat geweldenaars een tijdelike oorwinning behaal, en dat dit *toegelaat* word om die val van die verdrukker, wanneer dit kom, des te groter te maak. Hulle leer ons dat die regvaardigheid ogenskijnlik ten gronde gaat om, na een tydperk van loutering, sterker dan ooit en in groter heerlijkheid te voorskijn te kom.

Hulle leer ons dat Duitsland, als sij door die oorlog, *wereldoorheerser* geword het, die *verdrukker* in plaats van die *bekermmer* van die wereld-vrijheid sou geword het; dat haar ondergang, soals ons dit noem, in werklikheid haar *behoud* is; hulle verseker ons dat daar nie soiets bestaat als die segeviering van ongeregtigheid nie, want dat klein nasies groot word door onreg en vernedering, en dat groot nasies vergaan door die mag en voorspoed wat hulle verkrijg door geweld en bedrog.

Die voorlopers van die Rijk van Vrede verkondig een dag van vergelding en afrekening, *en dat dit nou op hande is*; dat dit in onse tijd nog sal geskied. Hulle seg dat ons dit nog sal sien wanneer Duitsland in haar ware, blijwende grootheid verrijs uit die puinhope van haar sogenaamde verwoesting; dat Duitsland die eerste in Europa sal wees om te herstel, en die

wereld te voorsien van voedsel en klere wanneer die groot hongers-nood kom.

Hulle troos ons met die versekering dat onse eige vernedering in 1902, die voorbereiding was vir ons ontwikkeling als die grootste volk op aarde,—(maar met een grootheid die tot nog toe onder nasies nie bekend gewees het nie, soals ons later sal sien;) en dat ons dan sal verstaan waarom die oorloge in Duitsland en Suid Afrika met Engeland so afgeloop het.

Onveranderlik, onverbiddelik is die werking van die wette Gods. Wat ons saai, sal ons gewis en seker maai. Die Duitse Keiser, omdat hij eenmaal geweiger het, die hand van beskerming uit te strek naar een banneling, is vandaag self banneling. Maar so sal hij ook vir zijn ware grootheid als Christelike vors, die ware grootheid van zijn volk beleef, en zijn beloning ontvang vir zijn onophoudelike poginge om vrede te maak gedurende die bloedige oorlog van 1914—1918.

Dit kan wees dat daar nog binnekort een kleine omwenteling, of een korte dog hewige revolusie in Duitsland mag wees, om die teenwoordige Regering (die alles behalwe volmaakt is) omver te werp. Dit is volstrek nie onmoontlik dat daar een tijdjie swaar gelij sal word, en dat hongersnood, pestilensie en geweld nog veel slag-offers van die Duitse volk sal eis,—*maar dan is dit ook uit.*

Wanneer Engeland b.v. waarlik die Smeltkroes van revolusie ingaat en die res van Europa in onnoemlike smarte verkeer, sal Duitsland gereinigd, geheiligd, segevierend, uit haar volksloutering verrijs en die voortouw neem in die bevrijding van die wereld-slawernij.

Meer dan oorwinnaar is die Duitse volk, groot is haar naam, onbeskryflik groot die Lig die in haar woon.

AMERIKA.

LAND VAN DIE HEDE.

“Mené, mené, tekèl, upharsin.”—Dan. 5:25.

Die Heer van hemel en aarde het een werktuig nodig gehad, een instrument, om die Volkere Bond, waarop die duisendjarige Rijk van vrede gestig kon word, in die wereld te vestig. Die werktuig of instrument moes een volk wees, magtig, rijk, onbevreesd en invloedryk. Bove alles moes dit een volk wees met een sterk ontwikkelde vryheids-gevoel, een volk die self die bande van vreemde heerskappij geken het en die bande af gewerp het om vry en onafhankelik groot te word.

Hiervoor is de ontsaglike Amerikaanse volk geskape en opgevoed, totdat die kritiekste moment in die geskiedenis van die wereld gekom het vir Amerika om als middelaar tusse die verskeurde volke op te tree. Alle gawe het sij vir die grote doel ontvang en die nodige leer-skool door gemaak; aan haar voete is een rijkdom gelegd die ons in gedagte terug voer naar die dage van Koning Salomo, terwyl haar prestige als eerlike en regvaardige volk oor die hele wereld bekend was.

Dit was in die onvergetelike jaar 1918 dat sij haar kans gekrij het om die gewelddenaars vir die toekoms onskadelik te maak, toe die res van die “beskaafde” wereld, uitgeput en bankrot door die langdurige en hewige krijg, gedwonge kon geword het om te ontwapen en hulle geskille door arbitrage te skik. Toe was die geleentheid daar om die Volkere Bond te stig op een basis van vryheid, regvaardigheid en eerlikheid, een Volkere Bond waardoor die geskonde regte van die klein nasies hersteld, en hulle veiligheid vir die toekoms gewaarborgd kon gewees het. En dit sou die uiterlike, stoffelike fondament gewees het van die Vredes Rijk, die dan geestelik door Christus Self opgebouwd kon geword het. Ons kan gerus seg dat President Wilson, als verteenwoordiger van die grootste republiek van die wereld, die toekoms van die ganse menselike geslag in die holte van sijn hand gehad het teen die einde van die jaar 1918.

Maar ons weet dat Wilson sijn posisie gebruik het om die geweldenaars te ondersteun en die kettings van een verdrukte mensdom vaster dan ooit te heg. Teen die wil van sijn eige vrijheidsliewende volk, het hij sijn mag, posisie en invloed (*wat die volk self aan hem toevertrouwd had,*) tot die beskikking van die verdrukkers geplaats, en die belange van sijn eige volk opgeoffer ten voordele van die Bondgenote.

Leser, hierdie feite laat ons diep denk.

Hulle roer snare in ons wese aan en bring ons gemoed in ongewone beweging. *Want hulle spreek tot ons van ons eige tragiese ervaring.* Die jongste geskiedenis van Amerika is onse eige geskiedenis.

Die volk van Amerika is nie skuldig aan hierdie misdaad, die volk was nie die oorlog-makers nie! In naam rus wel die skandvlek op die volk, maar in werklikheid is die President, met sijn korrupte Regering van millionairs en kapitalistiese ondersteuners, verantwoordelik vir die Amerikaanse alliansie met die Bondgenote tijdens die Europese oorlog; *hulle* het die oorlogs-gees in Amerika aangewakker en opgesweep onder die gewone huigelagtige wek-roep,

“In die naam van vrijheid en geregtigheid.”

Iemand skryf ons nou uit Amerika, “Die nag van smart het nou in Amerika ook neer gedaal,” (the night of sorrow has now settled on America too.)

Amerika is in een staat van revolusie. Grote stakinge is aan die orde van die dag, een bittere gees van verdeeldheid en verontwaardiging heers in die sogenaamde „Verenigde” State van Amerika.

Die regvaardige minderheid krij daar ook die oorhand, want terwyl ons skryf, bereik die berig ons dat Amerika geweiger het om die Vredes Traktaat te onderteken, en dat Amerika die oorlogs-verklaring teen Duitsland *herroep*. Soiets is miskien nog nooit in die geskiedenis van die mens bekend gewees nie,—dat een oorlogs-verklaring herroep word, *nadat die oorlog afgelope is*. Die skrale berig bring ons hoop. Dit werp een onverwagte lig op veel wat vir ons onverklaarbaar was gedurende die oorlog. Dit vertel ons veel meer dan die kabelberigte, want dit bevestig onse gedagte dat *die volk* van Amerika nooit oorlog teen Duitsland verklaar het nie. Dit leer ons dat daar een grote verandering gekom het en dat die

gees van verdeeldheid die *behoud van die wereld is*; dat die regvaardige minderheid een steeds aangroeiende skare is die langzaam maar seker die *meerderheid* van die mensdom sal uitmaak, en dat *hulle* als koninge en priesters (dus in staat sowel als kerk) met Christus sal regeer, duisend jaar.

Ons begin nou die duistere woorde van die Heer, dat Hij gekom het om vuur op die aarde te bring, en die swaard, en om die mense tweedragtig te maak, beter te verstaan. Dit was omdat die mensdom, vóór die koms van die Heer, *onverdeeld was in ongeregtigheid*. Om Sjins Naams wil is ons nou verdeeld, en omdat die skare van regvaardiges groot begin te word, is die stryd nou so bitter. Ons siet dit in Duitsland, waar militarisme en korrupsie die nederlaag gelij het; ons siet dit in Amerika waar kapitalisme en barbaarse weelde plaats moet maak vir die eerlike, eenvoudige deugde van die volksmassas.

En binnekort sal ons dit sien in.....

SUID AFRIKA.

LAND VAN DIE TOEKOMS.

“Gij zijt een uitverkoren geslacht, een koninklijk priesterschap, een heilig volk, een verkregen volk; opdat gij zoudt verkondigen de deugden DESGENEN, Die U uit de duisternis geroepen heeft tot Zijn wonderbaar licht:

Gij, die eertijds geen volk waart, maar nu Gods volk zijt; die eertijds niet ontfermd waart, maar nu ontfermd zijt geworden.”—1 Petrus 2, vers 9 en 10.

Also spreek die Heer God tot die volk van Suid Afrika.
 “Gij, die eertijds geen volk waart, gij zijt nu Mijn volk geworden; gij, die eertijds niet ontfermd waart, Ik zal Mij nu over U ontfermen.”

Die heerlikheid van Europa behoort tot die verlede; die val van die Britse Koninkrijk staat voor die deur; die wereldse rijkdom, grootheid en mag van Amerika het sijn toppunt bereik en sal van nu aan langsaam dalende wees. Wat blijf daar dan oor?

Suid Afrika is die hoop van die wereld.

Suid Afrika is die land van belofte, die land van vryheid, *die land van bevryding.*

Vir die lijden van haar voorgeslag; vir die morele moed van haar rebelle; vir die reinheid van haar geskiedenis, onbevlekt met mense-bloed, onbesoedeld met hebsugtige geweld; vir die wonder-schoonheid van haar Natuur; vir die onbegrensde skatte verborge in haar grond,—vir dese dinge, en nog veel meer dat later openbaar gemaakt sal word, is Suid Afrika uitverkoren bowe alle andere dele van die wereld.

Gij, die eertijds niet ontfermd waart, die Heere God sal Sig nu oor U ontferm. Hij het die bande van uw verdrukking aanskou; Sij medelijdend oog is op U gevestigd; Sijn oor het die versugtinge van uw verstrooide, verarmde en verdeelde volk gehoor, *en Sijn Heilige toorn is ontstoke teen uw vijande.*

Amerika is in die weegskaal gelegd en is te lig bevonde.

Nou stuur Hij U een belofte van bevryding op die vooraand van een politieke omwenteling in uw land, want Hij doet niets sonder Sijn kinders voor te berei nie.

“Gewisselik, de Heere Heere zal geen ding doen, tenzij Hij Zijne verborgenheden aan Zijne knechten, de profeten, geopenbaard hebbe.”—(Amos 3 : 7).

Also heeft Hij op 7 December, 1916, aan Sijn dienstmaagd

DIE ONAFHANKELIKHEID VAN SUID AFRIKA

ONDER EEN NASIONALE REGERING

bekend gemaakt; maar met die strenge bevel, “Sie dat gij niemand vertelt.” “Sie dat gij *Mijn* tijd afwagt.”

Toe “Die Millennium” gepubliceerd werd, verkeerde ons volk onder die Krijgswet en sou dit dus gevaarlik gewees het om die politieke betekenis van die openbaringe van 7 Des. bekend te maak; gevaarlik, vir die geestelike Boodschap in die boek bevat. Die onderdrukking van die Boodschap sou ongetwijfeld die gevolg gewees het als dit onder die Krijgswet in

verband met politieke sake uit gegaan het. Daarom die bevel van geheimhouding. Die tyd was ook nog nie ryp vir die belangrike mededeling nie, (sien "Millennium," bld. 129 en 130).

Maar nou het die hemelse BoodsAPPER terug gekom, volgens sy belofte, en het die bevel gegee dat die volk gewaarskuw moet word teen groot gevare. Daar sal heel wat be-roering wees in ons land voordat ons die heerlikheid van die onafhankelike sal smaak, en ons het ook volstrek nie die versekering dat onse bevryding deur die eleksies van 1920 sal geskied nie, maar dat die eleksies die begin daarvan sal wees, *dit weet ons wel.*

TIJDSBEPALING

word ons nie gegee nie. Ons sien dit in alle goddelike profesie, dat daar een sluier gehang word oor die tyd van vervulling, en dit word in die Bijbel herhaaldelik gekonstateer.

Dat Jesus Christus Self nie die tyd van Sijn voorspelling kon bepaal nie, weet ons deur Sijn woorde,

„Van dien dag en die ure weet niemand, noch die engelen, die in die hemel sijn, *noch de Zoon*, dan die Vader.”—Markus 13:32.

Maar ons word gedurig vermaan *om altyd* voorbereid te wees.

Hoe sal ons dan weet dat dese dinge nog in onse tyd sal geskied?

Doordat die dinge nou reeds in vervulling is.

Die Hand van die Regter is *openbaar*. Die oordele van die God van Geregtigheid is *sigbaar* oor die lengte en breedte van die aarde, en in die laaste jaar het daar grote veranderinge gekom. Soals in Amerika die President deur een hersens-aandoening van die toneel verwijderd is, so is in Suid Afrika deur die dood een voorman weggenome, die in die weg van sijn volks-bevryding stond. Daar het grote veranderinge gekom. Ons hoef nou nie meer te vraag, "Wanneer?" want die groot dinge is *aan die gang*, maar ons kan en moet vraag, "Hoe? Hoe sal ik mij gedraag? Wat kan ik doen om te help?"

Die God van Abraham, Isak en Jakob gaat Suid Afrika Self vrij maak, ons hoef oor niks bekommerd te wees nie, maar daar sal ook geleentheid wees vir elk een van ons om

een eerbare deel te neem aan die verlossing van ons volk, nie alleen van een aardse vijand nie, maar van die knellende bande van ongeregtigheid die ons so lang laag bij die grond gehou het.

God sal ons verlos, maar Hij sal in die proses menselike en stoffelike werktuige gebruik, en die voornaamste daarvan is

DIE NASIONALE PARTIJ.

Geinspireerd door die Gees van God, is die Nasionale Partij die uiterlike werktuig waardoor die bevrijding van Suid Afrika sal geskied.

Bij die eerste stigting gevormd en opgebouwd door die Wil en Krag van die Bestuurder van volks-lotgevalle, is die Nasionale Partij bestemd om die eerste stoot te geef aan die onafhankelike beweging.

Als beskermer van Vrede is die Nasionale Partij een van die enigste *politieke* ligame in die wereld, die werklik beskouwd kan word als een baanbreker van die Millennium.

Die Nasionale Partij arbeid aan die fondament van die Vredes Rijk, door langs konstitusionele wege, en nie door geweld, te werk vir die behoud en vooruitgang van die volk.

Geweld sal daar wees, maar nie door die Nasionale nie. Bloed sal daar vloei, maar die misdad daarvan sal op die hoof van die Nasionale nie rus nie. *Nasionale bloed* sal gestort word in die laaste grote vervolging van die Afrikaanse geslag, *maar nie door die Afrikaner nie.*

Ons sal die volk ten laaste verenigd sien, soals van ouds.

Menselikerwijse gesproke, is daar vir die Nasionale nie die minste hoop op een oorwinning in sulke een strijd nie. Dit sou dwaasheid wees, al was hulle in principe nie teen geweld nie, om met voorbedagte rade soiets te begin, terwyl die oormag alles in hande het—wapens, geld en invloed,—maar,—die God van onse voorouders sal in hierdie laaste strijd vir vryheid, Self onse Voorvegter wees.

DAAR SAL WONDERE GESKIED.

Grote volks-leiders sal uit die verborgenheid verrijs en die voortouw neem,—groter persoonlikhede, magtiger helde dan ons nog in die verlede gehad het.

Uit die verborgenheid, waar God hulle in die geheim vir hulle reusagtige taak voorberei het, sal hulle, *te Sijner tijd*, te voorskijn kom.

Ja, die wondere sal geskied door die Wil van God, maar menselike werktuige sal daartoe gewillig, bekwaam en gehoorsaam, gebruik word.

Leser, is U een van hulle?

Vrouwe van Suid Afrika, welke deel gaat *U* neem in die komende strijd? Welke wapens gaat *U* gebruik? Weet *U* dat die beslissing van *U* sal afhang? Besef *U* dat die Rijk van Vrede op aarde afhanklik sal wees van Uw ontwikkeling op politiek gebied, van die vereniging van Godsdienst met Politiek?

DIE VROUWE NASIONALE PARTIJ.

“De reine invloed van onze vrouwen zal de
aanstaande Nationale Regering
zuiver houden.”—7 December 1916.

Onbewus, en onder die magtige invloed van die Heilige Gees, is bowestaande profetiese woorde neergeskrewe, op 7 December, 1916.

Meer dan drie jaar gelede, en nou gaat hulle eers uit,— waarom sou dit wees?

Omdat onse onervare vrouwe eers die nodige lesse moes leer vir die vervulling van hulle hoge roeping. Hulle moes leer om selfstandig te oordeel, sedelike moed uit te oefen en alles op te offer waar die hoogste ideale in gevaar van vernietiging stond. Hulle moes onder teleurstelling en ontgogeling die onderskeidings vermoë ontwikkel, een fijner gevoel, een meer onfeilbare intuïsie. Sonder die belofte van een gewigte deel in die toekoms van die volk, sonder die hoop op beloning vir hulle edele en onselfsugtige strewes, moes die vrou van Suidafrika leer om te werk vir reg en geregtigheid alleen.

Gestig in die bange en droewe dage na die mislukte Rebelle, in een tijd toe dit een skande was om die naam van Nasionalist te draag, en gevaarlik om een politieke beweging

op touw te set, moes die Vrouwe Nasionale Partij door diepewater gaan voordat sij die plaats van haar bestemming kon bereik.

Letterlik sal die belofte hier bowe gemeld, vervuld word, Ons siet in die toekoms een Nasionale Regering onder een onafhankelike vlag, en die enorm verantwoordelikheid en ontsaggelike moeilikhede van sulke een Nasionale Regering wek bij ons die verlange op om die vrouwe organisasie op te bou, als onderdeel, als vrouwelike aanhangsel van sulke een Regering, sodat die morele steun en vrome gebede van die lede kan meewerk in die beskerming van die ware belange van land en volk.

En nou is dit tyd daarvoor.

Hoe kan ons waak teen die foute en onheile die in die verlede die Afrikaanse volk gedreig het met vernietiging?

Door in die eerste plaats die korrupte Regering omver te werp.

Dit is volstrek nie onmoontlik nie. Ons het gesien dat dit teenswoordig in ander lande sonder veel geweld tot stand gebring word, en dit moet ons aanmoedig om dit helemaal sonder geweld of bloedvergieting gedaan te krij.

En dit kan alleen gebeur

BIJ DIE STEMBUS.

Als dit waar is dat die Heere God ons land gaat vrij maak, dan is dit tog vir ons nie nodig om die gewone, lage middele te gebruik die bij die meeste volks-verkiesinge aangewend word. Ons hoef die teenpartij nie te belaster nie, alle skelde en verdagtmakerij kan vermij word. Waardig, eerlik, kalm en sterk in onse oortuiging, kan onse manne sig begeef naar die stembus, en daar hulle stem gebruik vir die Nasionale verteenwoordigers van die volk. Hierin kan die vrouwe haar invloed laat voel. Door self een verhewe gees te ontwikkel, kan sij die man sterk beïnvloed tuis, en door geen skelden toe te laat in die openbaar, geen krenkende, vijandige, hatelike op- of aanmerkinge in onse vergaderinge *of in onse koerante.*

Verder kan ons allemaal, manne en vrouwe, die feite in hierdie politieke vlugskrif onder die aandag bring van die

SUID-AFRIKAANSE PARTIJ.

Die Nasionaliste het dit nie so nodig nie. Dit het hulle

reeds bij die laaste eleksie getoon. Maar die lede van die Suid-Afrikaanse Partij is misleid en bitterlik bedroge, vele is te seer geneigd om met die stroom mee te gaan en wil die moeite nie doen om die dinge selfstandig te ondersoek nie. Breng soveel moontlik die waarheid onder hulle aandag, in een gees van opregte liefde en verdragende belangstelling, en ons sal sien of onse poginge nie gekroond word met onverwagte gevolge bij die stembus.

So skoon, so heilig en so groot is onse saak, dat daar nooit genoeg gewaak kan word teen verkeerde invloede in onse eige range, viral omdat ons *weet* dat die vijand alles sal doen om van binne uit ons verderf te bewerk. Juis *omdat* die Nasionale saak so belangrik is, kan ons verwag dat die gevaarlikste pille van verraad op onse werk gerig sal word. Lees maar die beskrywing van die wolwe in skaaps klere die *alle* goeie beweginge ondermijn. (Millennium, bladsij 137).

BEROEP OP DIE VOLK.

Nie om die leser moedeloos, bitter of wraaksugtig te maak, het ons die toestand so somber geskilder, en die afskuwelike feite van onreg, vervolging, haat en verdrukking uit die verlede hier herhaal, maar om die ware grootheid, die blijwende edelmoedigheid van die Afrikaanse volk *van die toekoms* hier met profetiese insig te beskryf.

Die volk van Suid Afrika sal, in die politieke, geestelike, industriële en ekonomiese krisis die ons nou nader, haar „koninklike priesterdom” *verdien* door die lijdszaamheid waarmee sij die smelt-kroes in sal gaan; door die edelheid van haar gedrag onder die mees folterende lijdens; door die barmhartigheid van haar handel teenoor die vijand.

Sij sal nie een swakke, karakterlose houding aanneem, maar flink en kragtig ingrijp waar dit goed en nodig is; met die helde-gees van die voorgeslag sal sij onder gevaar weet hoe sij moet handel om die volks-belange te red en te beskerm; maar oor die val van die vijand sal sij nie juig nie. Sij sal haar self nie verlaag om hem dieper in die ongeluk te stort nie, intendeel, sij, die verdrukte, sal nog die hoop en troos word van die verdrukker. Sij sal leer dat die ware mag leg in die hande van die vernederde en dat die doel van die gelede smart

was om haar een geleentheid te gee, sig ver bowe die gewone menselike hartstogte te verhef, door te bid vir die vijand in die dag van vergelding.

VOLK VAN SUID AFRIKA,

bid vir Engeland. Denk aan al die kwaad wat sij U gedaan het en bid dan vir haar wanneer die duisternis oor haar Rijk daal. Denk aan die verlies van Uw vrijheid, en bid dat die Regter barmhartig mag wees. Denk aan Uw 25,000 dierbare dode in die konsentrasie-kampe, en smeed dat die oordeel nie te swaar mag wees. Denk aan die verdeeldheid in ons midde, denk aan Generaal Christiaan Beyers, aan Jopie Fourie, denk aan die lange gevangenis van Uw helde; aan die armoede van die volk, en bid tot God dat die dage van verdrukking verkort mag word en dat die smarte verminder mag word. Denk aan Uw eige ongeregtigheid en wees groot, wees edelmoedig teenoor die swakhede van Uw medemens. *Verdien* Uw koninklike priesterdom, *wees waardig* om „Gods Volk” genaamd te word, ontferm U oor diegene die van geen ontferming geweet het nie, wees lijdzaam onder verdrukking.

En wag dan. Wees geduldig totdat Hij U roept uit die duisternis tot Sijn wonderbaar Lig.

Weet dat Suid Afrika die laaste sal wees om die smeltkroes in te gaan, en die eerste om daaruit tevoorskijn te kom, en sterk U met die versekering dat God Self uw Leidsman sal wees door die dal der skaduw des doods.

Bewaar Sijn heilige belofte van verlossing in Uw hart totdat die beroeringe in Suid Afrika ook begin, en verkondig dan die deugden van die Verlosser aan alle kreatuur.

In Sijn Naam en om Sjins Naams wil,

Uw mede-arbeider in Sijn Koninkrijk,

JOHANNA BRANDT.

„Harmony,” Pretoria,
21 Januarie 1920.

BOEK-AANKONDIGING.

Als ons land nog rustig is, sal daar in Mei of Junie van hierdie jaar, een boek gepubliseer word door Mevrouw Brandt, oor die VAST-KUUR als middel van volkome genesing vir alle menselike kwale. Geen medisyne, geen dokters, geen hospitale, geen operasies meer nie. Door geloof en vaste kan die liggaam, die Tempel Gods, volmaakt gesond wees. Dit is een deel van die Millennium.

In verband met die dreigende hongers-nood, word die leser door feite oortuig dat een mens van twee tot drie maande sonder voedsel kan leef, als hij maar genoeg water drink. Mense die in hongers-nood omkom, sterf gewoonlik van vrees of word kranksinnig omdat hulle nie weet dat daar geen gevaar is. Dit is die gedagte van hongers-nood wat soveel slag-offers eis, nie die honger self nie. Die leser word vertel hoe om een tyd van hongersnood tegemoet te gaan en hoe om alle siekte-kieme uit die gestel te verwyder door die honger-kuur.

Die boek sal ook een merkwaardige verklaring bevat van Daniel 7 en Openbaringe 13, door een van die Bouwers van Harmonie, die als bevestiging van die politieke en historiese feite in hierdie vlugskrif, van grote waarde is.

VERSPREIDING VAN DIE POLITIEKE VLUGSKRIF.

Alle mede-werkers, mede-Nasionaliste, Bouwers van Harmonie, alle Bestuurs-lede en Sekretarisse van die Nasionale Partij word ernstig en dringend versoek om mee te werk in die verspreiding van hierdie pamflet. Sorg dat dit in die hande van die lede van die Suid Afrikaanse Partij kom. Die tyd is kort, daar sal net vier of vijf weke wees om dit te versprei voor die volks-verkiesinge.

Handelaars en private persone, die bestellinge doen van nie minder dan twaalf eksemplare, kan die Vlugskrif teen korting van 25 persent krijg bij die skryfster en uitgeefster.—

Mevrouw JOHANNA BRANDT,
Harmony, Pretoria.

Prijs 1/- per exemplaar, posvrij.

9/- per dosijn posvrij.